



## Hoe God sy Wet vir ons Gegee het

Ons het geleer dat God alle mense geskape het.

Alle mense behoort aan God. Ek *behoort* aan God, maar jy behoort ook aan God. *Almal* behoort aan Hom, omdat Hy *almal* gemaak het.

En omdat ons aan God behoort, moet ons ook vir Hom *lewe*. Ons moet so lewe dat dit Hom *gelukkig* maak. Ons moet lewe soos *Hy* graag wil hê.

God het vir ons *vertel* hoe ons moet lewe. God het sy *wet* gegee. Sy wet leer ons wat ons *moet* doen en ook wat ons *nie* moet doen nie. Sy wet vertel ons hoe mense wat God se kinders is, *behoort* te lyk.

Baie lank gelede, toe die Israeliete God se spesiale volk was, het God die Tien Gebooie gegee.

Die Israeliete het in tente gewoon. Daar was rye en rye tente rondom die berg Sinai.

Moses was die leier van God se volk, en het hulle uit Egipte uitgelei. Eendag het God vir Moses gesê, 'Sê vir die mense hulle moet hulle gereed maak. Hulle moet hulleself was en ook hulle klere was. Oor 3 dae gaan Ek na hulle afkom. Ek sal na die top van die berg kom, en daar met hulle praat.

God het nog nooit afgekom en met enige ander volk ooit gepraat nie. Daarom was hierdie 'n baie spesiale besoek van God aan sy volk. Die Israeliete was baie opgewonde en kon nie wag nie. Hulle het al hulle tente skoongemaak, hulleself en hulle klere gewas.

Vroeg die oggend, op die derde dag, het die Israeliete by hulle tente uitgekyk na die berg Sinai, en 'n groot donker wolk op die top van die berg gesien. Hulle het gehoor hoe rommel die

*donder* en gesien hoe klief daar helder *blitse* deur die donker wolk.

Toe het Moses hulle geroep om nader aan die berg te kom.

Toe hulle *almal* naby die berg was, het God na hulle afgekom. Daar was vuur en rook rondom Hom, en die berg het verskriklik gebewe. Die mense was so benoud en bang. Nou kon hulle *hoor* en *sien* dat God baie groot is.

Toe het hulle God se stem gehoor wat sê:

*Ek is die Here jou God.*

*Jy mag nie ander gode voor My aangesig hê nie.*

*Jy mag nie gesnede beelde maak en hulle aanbid nie.*

*Jy mag nie die Here jou God se Naam ydellik gebruik nie.*

*Onthou die Sabbatdag, dat jy dit heilig.*

*Eer jou vader en jou moeder.*

*Jy mag nie doodslaan nie.*

*Jy mag nie egbreuk pleeg nie.*

*Jy mag nie steel nie.*

*Jy mag geen valse getuienis gee nie.*

*Jy mag nie enigiets van jou naaste begeer nie.*

Hierdie is die Tien Gebooie. God het self, bo van die berg af, hierdie gebooie gespreek, en sy Stem was soos donder.

Al die mense het teruggedeins van die berg af, want hulle was so bang. Maar Moses sê vir hulle, 'Moenie bang wees nie. God wys vir julle hoe groot Hy is, dat julle Hom *sekerlik* sal gehoorsaam!'

En hulle het *belowe* om hom te gehoorsaam, toe hulle sê, 'Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister.'

### **Gesels hieroor:**

1. Vanaf watter berg het God sy wet gegee?
2. Wat het die Israeliete op die berg gesien?

3. Wat het hulle gehoor?
4. Hoekom moet mense doen wat God sê?

### **Moses het vir die volk gesê:**

*'Die HERE jou God is by jou, 'n groot en gedugte God.'*

*(Deuteronomium 7:21)*

### **Wat ons kan lees:**

*Exodus 19:16-19*

### **En hier is 'n lied oor die wet van die God:**

Salig wie in hul opregtheid  
wandel in die HEER se wet,  
Wie Hom soek van ganser harte  
en op sy getuig'nis let  
Salig dié wat in hul wandel  
nie op onregspaaie gaan,  
Maar wil wandel op die weë  
in Gods wet vir hul gebaan.

### **Gebed:**

*Heilige Vader, ons wil probeer om U gebooi te gehoorsaam, want ons wil graag vir U lewe.  
Help ons asseblief elke dag, as ons werk en as ons speel, om die regte dinge te doen. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018  
[www.christelikedia.org](http://www.christelikedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*